View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

J. I. DE WET

## I. INLEIDEND:

a. **Die Kerk:** Net die kerk kan van iemand 'n predikant maak. Dit is só omdat net die kerk iemand op sy kansel kan toelaat om in die gemeentes woord en sakrament te bedien en die pastorale versorging te behartig. Daarom was dit nog altyd die gebruik dat elke kerk na die beste van sy wete, voorwaardes en vereistes vir die predikantskap neerlê. Volgens die kerkwet kan en wil die Hervormde Kerk slegs van gelowige lidmate wat teoloë is of ten minste tot op sekere hoogte teologies geskoold is, predikante maak.

b. **Die Teologiese fakulteit:** Die Hervormde Kerk het nog altyd 'n teologiese fakulteit as opleidingsentrum vir sy toekomstige predikante verkies. Dit hang saam met die feit dat die kerk graag akademies gevormde teoloë as predikante wil hê. Dit spreek dus vanself dat die teologiese fakulteit so'n opleiding aanbied dat hy meen om mense daardeur sodanig teologies te skool, dat hulle as predikante vir die Hervormde Kerk bruikbaar kan word.
Hierby was die praktiese teologie altyd op 'n besondere wyse gemoeid. Dit is immers die taak van die praktiese teologie om die prinsipieël teologiese studie so op die kerklike praktyk te rig dat die opleiding teoloë sal oplewer was as predikante vir die kerk goed toegeruste predikers, kategete en pastors sal wees. Dit kan daarom met stelligheid beweer word dat die opleiding van predikante vir die praktiese teologie van besondere belang is — eintlik 'n besondere studieobjek bied. Die laaste doel van die praktiese teologie is om vir die kerk goed toegeruste predikante te vorm. Daarom is alles wat in die opleiding daartoe kan dien en alles wat hierdie doel kan verydel, uiteraard vir die praktiese teologie van lewensbelang.
Hierdie hele aangeleentheid word juis by hierdie vyftigste verjaardagviering aangesny omdat ons meen dat tans meer as grondige aanleiding tot herbesinning in verband met die opleiding van predikante bestaan.

## II. DIE AANLEIDINGE TOT SO'N HERSIENING:

Om so'n hersiening enigsins sinvol aan te pak, is dit nodig om 'n mate van aandag aan die aanleiding tot hersiening te gee. Dit sal natuurlik nie moontlik wees om hierdie sake tot in die fynste besonderhede te ontleed nie. Dis seker ook nie nodig nie.

Die dinge kan eintlik maar net aangestip word, omdat hulle elkeen die kerk op 'n bepaalde manier met 'n ernstige vraag konfronteer. Dit gaan tog eintlik om die kerk se antwoord op hierdie vrae.

Hierdie vrae is sonder uitsondering hedendaagse vrae. Nou kan 'n mens hierdie vrae met allerlei vinnige kwinkslae afmaak of liewer ontwyk. Dit sal egter nie in die beste belange van die kerk wees nie. Veral nie as 'n mens daarop let dat die kerk die waarheid eintlik net so „besit" dat hy homself in al sy doen en late altyd weer korrigerend aan die waarheid kan toets. Daarom geld vir ons kerk in elk geval ecclesia reformata semper reformanda.

Verder is dit natuurlik belangrik om daarop te let dat kritiek op die kerk se doen en late — al is dit ook hoe onbeholpe of oordrewe gestel, somtyds tog dui op 'n swakplek in die kerk se mondering. Daarom moet die kerk hierdie eietydse vrae ernstig ter harte neem en grondig probeer beantwoord.
Ons kan ons in elke geval nie gaan terugtrek binne die reformatoriese tradisie en beweer dat al hierdie sake uitgemaak is en daarom vir tyd en ewigheid afgehandel is nie. Dit is vandag onmoontlik omdat ook kerke van reformatoriese stempel hierdie vrae baie dringend vra.
Dit lyk vir my of veral die volgende sake ernstige vrae aan die kerk rig:

a. Die onrus rondom die ampte. Ons noem dit maar onrus. Eintlik varieër dit van 'n soort onbehaaglikheid tot 'n volledige verwerping van die ampte. Dit is nie 'n saak wat net by „vakteoloë" voorkom nie. Daar is ook predikante „. . . die weigeren nog langer manusje van alles te zijn en dan maar'vluchten' in een taak buiten het kerkelijk instituut". (Lekkerkerker, Oorsprong en Funktie van het amp bls. 32). Ook lidmate kom meermale met allerlei beklagings en stel vrae.

   Al is die situasie hier by ons in S.A. nog nie so akuut dat ons werklik oor 'n ampskrisis kan praat nie is hier tog ook onrusbarende voortekens: 'n kroniese tekort aan predikante (en ander ampsdraers!) en selfs 'n groeiende slytasie deur oorgang na 'n ander lewensstaat. Ook hier is die funksieverlies soos verteenwoordig deur leë kerke en groeiende buitekerklikheid sterk dryfvere om uiteindelik ook te kan vra: Het in besonder die predikantsamp nie heeltemal misluk nie? Is predikante in hierdie situasie überhaupt nog nodig? Is hulle nie net 'n belemmering vir die kerk nie?

b. 'n Ander saak wat baie nou hiermee saamhang is die opkoms van die nuwe charismatiese beweging wat dwarsdeur alle kerklike denominasies heen loop. 'n Ander verskynsel kan ons die nuwe „leke-bewussyn" noem. Alhoewel die nuwe lekebewussyn nie dieselfde is as die charismatiese beweging nie, het hierdie twee gedagterigtings tot 'n hoë mate dieselfde resultaat: Hulle lê 'n geweldige swaar klem op die leke-getuienis. Hierdie getuienis van die nie teologies geskoolde lidmaat, bied vir hierdie mense 'n nuwe hoop vir die christendom.

Met verwysing na die ongeskooldheid van die eerste dissipels word gewoonweg aanvaar dat charisma en studie mekaar uitsluit. Daarom verset die miljoenesterk charismatiese beweging hom ook inderdaad teen enige formele teologiese studie. In 1966 was daar in Zwitzerland 'n konferensie oor kerk en maatskappy. Een van die slotsomme waartoe daardie konferensie gekom het, is dan ook dat die kerk as hy wil weet wat hy vandag in die wêreld moet doen, hy dit van sy leke en nie van sy teoloë nie, moet vra. Indien hierdie opvattings waar is, dan is daar mos geen sin in om predikante op te lei nie. Hierdie gedagterigtings verteenwoordig dus eintlik die vraag: Is predikantsopleiding werklik nodig of is dit 'n baie duur oorbodigheid waarsonder die kerk beter kerk kan wees?

c. In 'n sekere sin en in sommige kringe is die hierbo gestelde vrae al beantwoord en is, daar reeds begin om met implementering van die antwoord die s.g. funksieverlies waaraan die kerk ly, te bestry. Hierdie antwoorde saamgevat, lui dat daar wel predikante moet wees. Hulle moet egter nie die gewone gemeentepredikante met 'n algemene teologiese opleiding wees nie. Hierdie mense het hulle hoop op spesialisasie gevestig. Elke predikant sal dan 'n gebiedsspesialis wees. Hy sal nie as predikant van 'n gemeente nie, maar as lid van 'n paneel bo-gemeentelike spesialiste, optree. Hier word egter nie gedink aan spesialisasie op die gebied van een of ander teologiese vak nie. In meer beskeie gevalle word slegs gepleit vir 'n beter pastoraal-psigologiese toerusting van die predikante terwyl hulle teologiese vorming nog kan bly.

In die meer radikale gevalle word slegs 'n sensitiwiteitsopleiding as opleiding van predikante vereis. (W. J. de Klerk. Die pastorale psigologiese skoling en naskoling in Nederland N.G. Kerkboekhandel, 1972 en Pastoral introspeksie, in Rondom die Prediking, N.G. Kerkboekhandel

1973, vgl. ook Lekkerkerker, Oorsprong en Funktie van het Amp, Boekencentrum 1973, bls. 30+31) „W. J. de Klerk stel dit dan ook onomwonde: „Die huidige opleiding is gerig op die aankweek van intellektuele deskundigheid terwyl die praktyk van die pastoraat naas die intellektuele deskundigheid, ook besondere sensiwiteit in die kommunikasie vereis. Die huidige opleiding kweek 'n habitus van aktiewe outoriteit terwyl die ervaring geleer het dat die habitus van luisterendskynbaar-passief-met die-ander-te-wees die kern van die pastoraat is."

Sonder om nou hier breër op hierdie hele kwessie in te gaan, is dit nie duidelik dat hierdie gedagterigting die kerk konfronteer met die vraag na die aard van die opleiding. Hulle aanvaar dat daar 'n opleiding moet wees, verwerp eintlik die huidige teologiese opleiding en bepleit 'n opleiding waarin „die kennis van of besinning op die kultuur, die maatskappy en die kontemporêre mens" maksimaal sal wees (W. J. de Klerk, Pastorale Introspeksie, bls. 7).

d. **Samevatting:**

Kort saamgevat kan 'n mens sê dat die kerk met die baie belangrike vrae gekonfronteer staan. Indien die kerk werklik verantwoord en sinvol sy predikante wil oplei, dan sal hy eenvoudig hierdie vrae moet beantwoord en dienooreenkomstig sy opleiding vorm gee. Te meer lyk dit nodig omdat hier by ons self wel van tyd tot tyd vrae en voorstelle m.b.t. ons teologiese opleiding kom. Daar kan m.i. alleen dan verantwoord vormgewing van die opleiding plaasvind, indien dit ooreenkomstig die grondige beantwoording van die gestelde vrae geskied.

## III. DIE BEANTWOORDING VAN HIERDIE VRAE:

Dit is in elk geval nie moontlik om in die bestek van hierdie voordrag op al die aspekte van die gestelde vrae in te gaan nie. Die vrae hang ook so nou saam, dat 'n mens deur beantwoording van die hoofsake, vir aldrie die vrae geldige riglyne kan neerlê.

a. **Die een definisie van die predikantskap:**

Hierdie sake kan nie meer op die tradisionele manier beantwoord word nie. In die diskussie word daar bv. gemaklik daarop gewys dat nie al die ampte wat in die Bybel genoem word vandag nog in die kerk funksioneer nie. Daar word dan betoog dat al die ampte bloot tydelik was as hulpmiddele vir die vestiging van die kerk. Om nou

drie van die ampte as permanente ampte te handhaaf is blote kerklike willekeur waarvoor daar vandag nie meer plek is nie. Trouens hierdie kerklike ampte is nie in hierdie eeu van wetenskap, tegniek en mondigheid meer 'n hulp nie, maar 'n struikelblok vir die kerk. W. J. de Klerk oordeel dan dat die hedendaagse *predikant aan „'n habitus van* intellektualisme, formalisme, monologisme en outoritiwisme", ly en oordeel verder: „Hy moet liewer net wees wat beteken 'n kommunikatiewe houding en empatiese teenwoordigheid waardeur hy vir die ander medemens *word wat al luisterende en pratende saam met die ander* beweeg na die evangeliese ruimte." (Pastorale introspeksie, bls. 6+7). Op hierdie soort redenasie en stellingsname kan 'n mens werklik nie met die tradisionele beroep op tekste 'n antwoord probeer verskaf nie. (Op hierdie manier word die Bybel in elk geval daarvan gevrywaar om as 'n arsenaal van tekste gemisbruik te word.)

In hierdie saak het Karl Barth vir ons werklik 'n groot diens gelewer deur die teologiese metode wat hy ontwikkel het in die algemeen en heel in die besonder met die ontwikkeling van die leer oor die „dreifache Gestalt des Wortes Gottes." (K.D.I., 1-89-124.) Met hierdie leerstuk het hy aangetoon dat die vleesgeworde Woord, die Skrifgeworde Woord en verkondigde Woord, 'n eenheid — 'n onverbreekbare eenheid — vorm. Hiervandaan is dit werklik nie moeilik om in die lig van die Bybelse gegewens uit te maak dat hierdie Woord so is dat Hy reg verkondig wil word nie. Hierdie reg vereis die amptelike bediening wat in onderskeiding van alle ander bediening as bevoegde, verklarende en verteenwoordigende bediening getipeer moet word. Daar is *nog altyd op goeie gronde* volgehou dat lekeprediking nie kerk nie maar sekte stig.

Calvyn het alreeds gewys dat in die prediking ons ons nie mag „verwyder van die taalgewoonte van die Heilige Gees" nie. (vgl. Goumaz, Het ampt by Calvyn, bls. 58+59.) Hierdie taalgewoonte van die Heilige Gees waaraan gehou moet word maak studie, vorming en opleiding, blykbaar onvermydelik (vgl. 1 Petr. 1:10 en 11).

B. W. Ganzevoort het in sy Encyclopaedie die baie behartenswaardige saak uitgemaak dat die Bybel — en vir die doeleindes van ons gesprek kan ons die prediking hier byvoeg — van geaardheid so is dat dit studie onvermydelik tot gevolg het. Hiermee bedoel hy nie enige studie nie, maar spesifiek teologiese studie. As diegene wat amptelik

hierdie Woord aan die gemeente moet uitlê in die verkondiging, nie daartoe instaat is deur opleiding nie, sal die gemeente die Here Jesus nie in huis en hart kan ontvang nie.

Hans Jürgen (Luther von seinem Geburt bis zum Ablaszstreit (1483-1517) deel mee dat Luther van sy konfrontasie met die teks: Die regverdige sal deur die geloof lewe, gesê het dat daardeur die Skrif en die hemel vir hom oopgegaan het. Ons noem dit omdat daarmee vir ons die belangrike gegewendheid na vore kom, dat die predikant se opleiding niks anders is as 'n werklike konfrontasie met die Heilige Skrif nie. Verder verklaar Hans Stückelberger (Das Amt und die Gemeinde bls. 24) dat dit die akademiese vorming is wat die predikantskap altyd sal onderskei van sektariese pastoorskap. Ons meen dat ons kerk nog altyd op goeie grond daarvoor geywer het dat ons opleiding aan 'n universiteit verbonde sal wees.

In die lig van hierdie opmerkings meen ons tot die volgende definisie van **die verantwoorde predikantskap te kan kom:** „'n Predikant is 'n gelowige lidmaat wat deur die kerk se akademies teologiese opleiding daartoe gevorm is om amptelik aan die gemeente die Skrif reg uit te lê in die prediking, kategese en kerklike sorg, sodat die gemeente die Here reg kan ken en reg kan dien!"

b. **Die ander definisie van predikantskap:**

Die hedendaagse spesialisasie-sug t.o.v.d. predikant het 'n lang voorgeskiedenis. Aan die begin van hierdie eeu al het manne soos Watson (Zielzorg en herderlijk Ambt) en effe later O. Pfennigsdorf, professor in praktiese teologie aan die Universiteit van Bonn (Praktische Theologie 1929) pleidooie gelewer vir spesialisasie in die predikantsamp. Hulle het egter 'n spesialisasie t.o.v.d. kerklike objekte in gedagte gehad. Dit was egter maklik genoeg om die adjektief „kerklik" te laat verval en so oor te gaan na spesialisasie wat deur maatskaplike tipeerbaarheid bepaal word. Hierdie oorgang is vergemaklik deur 'n redenasie wat op die oog af heeltemal goed vroom klink. Die argument voer aan dat die evangelie aan die mens verkondig moet word. Dit moet by die regte adres afgelewer word. Om hierdie adres te beskryf, word 'n antropologie van die moderne mens gegee. A.g.v. hierdie mensbeskouing word dan gestel, dat die posjong wat die boodskap moet bring nie meer sy teologiese uniformpie moet dra nie — dan sal hy nooit by die regte adres uitkom nie.

Dit is in elk geval duidelik dat die pastoraal-psigologies of anders-geskooldes terapeute of anders-soortige spesialiste sal wees, maar nie predikante nie. Die naam predikant word nog gebruik maar dit word vanuit 'n ander definisie met 'n totaal ander inhoud gevul. Dit word duidelik as mens daarop let hoe maklik W. J. de Klerk predikantskap ingekort het tot 'n ongedefinieerde „pastoraat". Die wese van hierdie pastoraat is dan ook verder bepaal met gegewens wat nie uit die Skrif nie maar uit die sielkunde verkry is (c.f. Pastorale introspeksie, bls. 7).

Miskien is dit baie goed t.o.v. de Klerk se swyende pastores om net Calvyn se waarskuwing teen stom profete onder die aandag te bring: „De herders moeten zelfs — . . . eerder twee stemmen hebben dan één (duplex vox) zo belangrijk is hun boodschap en zoo noodzaaklik hun tussenkomst" (Goumaz Ambt bij Calvyn bls. 59).

Die andersoortige definisie van die predikantskap wat langs hierdie weg ontwikkel is, lees dan so: Die predikant se lewensgevoel moet sodanig gevorm wees dat hy instaat sal wees om die moderne mens deur sy lewensnood heen te vergesél tot volwaardige menswees.

c. Hierdie twee definisies sluit mekaar uit en elkeen sal sy eie opleiding vereis. Waar die predikant gesien word as uit-lêer van die Woord word vanselfsprekend 'n teologiese opleiding vereis met die hoofaksent op die vermoë om die Skrif reg te kan uitlê. Die tweede definisie lê die klem op die begeleiding van mense. Hierdie beskouing vra na die habitus en die effektiewe begeleidingstegnieke, soos die reeds genoemde artikels van W. J. de Klerk duidelik aantoon.

## IV. DIE LEEMTES IN DIE KERKLIKE MONDERING:

'n Mens hoef nie met die kritiek op die tradisionele teologiese opleiding saam te stem om te kan insien dat hierdie kritiek op bepaalde leemtes die aandag vestig nie. Dit is in elk geval noodsaaklik vir die kerk om die aard en omvang van hierdie leemtes te bepaal, sodat die kerk sy opleiding op 'n verantwoorde wyse kan vorm gee.

As 'n mens nou die gebreke wat die bogenoemde kritiek aandui onder een hoof wil saamvat kan 'n mens sê dat dit die groot afstand tussen die opleidingsideaal en eindresultaat van die opleiding onderstreep. Hierdie leemte het twee bestanddele t.w. die kwessie van akademiese geskooldheid en persoonlike ingesteldheid van die predikant.

a. **Akademies teologiese geskooldheid:**

As die predikant net sulke „lekepreke" hou soos die sektariër en dit boonop nog onsmaakliker as hy aanbied ook, kan daar seker met reg gevra word of 'n predikant werklik nodig is? Wat meer is: By baie van die leke predikers is daar nou wel nie 'n grondige kennis nie, maar wel 'n aansteeklike entoesiasme!

Teologiese geskooldheid beteken nie dat 'n mens iewers in die verlede twee grade behaal het nie. Die studie aan die universiteit is in werklikheid die verkryging van die werksgereedskap wat onmisbaar is vir werklike ampsvervulling. Geen werkgewer sal 'n messelaar in diens hou as hy troffel en waterpas weggooi en dan met die kaal hand pleister en met die blote oog korrel of 'n muur regop staan nie. Hoe kan die brouwerk van 'n predikant wat wel die regte werkgereedskap ontvang, maar dit weggesmyt het, verduur word? Dit is immers die aanskouing van 'n leekagtige geploeter by predikante wat mense laat vra na 'n meer beroepsgerigte opleiding vir predikante en dan na iets anders as teologiese opleiding laat gryp. Stückelberger (Das Amt und die Gemeinde bls. 24) het met reg die opmerking gemaak dat dit egter teologiese geskooldheid is wat die predikantskap verhef bo sekte predikerskap.

b. **Persoonlike ingesteldheid:**

Dwarsdeur die Bybel is dit vereiste dat die ampsdraer 'n positiewe ingesteldheid teenoor sy amp behoort te hê. Hy moet sy amp begeer omdat dit 'n voortreflike amp is (1 Tim. 3:1).

Nou hoe op aarde moet dit aanvaar word as die predikant optree asof sy amp 'n ramp is wat hom getref het — of as hy alle ander dinge belangriker ag as sy amp. Dit is selfs moontlik dat hy geestelik sover van sy amp verwyder is dat sy leer en sy lewe eenvoudig teen mekaar vloek.

Die hele kwessie van gesindheid is 'n moeilike saak, want dit kan so maklik ontaard in 'n sieklikheid of misverstaan word as 'n habitus, as een of ander selfgemaakte hebbelikheid. Ons beoog hiermee egter nie om van predikante 'n klomp vroomdoeners te maak nie. Ons bedoel bloot 'n „reggeaarde evangeliedienaar" wat sy gemeente met liefde en toewyding so versorg soos die Woord van hom vra en omdat hy ook die Here Jesus liefhet. (vgl. Joh. 21:15-17.)

Waar hierdie pastorale gesindheid egter ontbreek, ly die gemeente swaar daaronder. Dit kan dan ook verstaan word as daar gevra word dat predikante tot pastorale sensitiwiteit opgewek word in kampe vir sensitiwiteitsopleiding e.d.m. En as 'n predikant met dwase en lawwe praatjies in 'n gemeente rondloop is dit beslis nie 'n al te ongehoorde versoek as daar dan gevra word dat hy maar liewer luisterend-passief met die ander op weg moet wees nie.

c. **Nie geskooldheid óf gesindheid nie:**

Wat volgens die bybelse definisie vir die predikant nodig is, is geskooldheid én gesindheid. Albei is in die regte hoeveelheid en verhouding nodig omdat hulle mekaar van vervalsing en afwyking bewaar en daarvoor sorg dat 'n predikant sy gemeente met kundigheid en liefde versorg (vgl. Esegiël 34).

## V. KORREKSIES:

Wat tot hiertoe gesê is lei myns insiens tot die konklusie dat ons nie anders kan as om die bybelse definisie van predikantskap te handhaaf nie. Dit lei ook daartoe dat ons moet insien dat opleiding in terme van hierdie definisie nie net 'n kwessie van 'n kursus of formele studie is nie. Daarom kan kleiner of groter kursusveranderinge alleen nie die bg. leemtes vul nie. Dit lyk in elk geval of die situasie in die wêreld al so moeilik geword het dat die kerk moet begin ontwaak vir die besef van 'n opleidingsnood en grondig moet besin.

Hier word egter nie 'n kant-en-klaar model aangebied nie. Slegs word die groot lyne getrek waarlangs hierdie besinning van die kerk moet beweeg.

a. **Voor die universiteitsopleiding:**

Tydens die jeugjare kan die kerk se jeugsorg en kategese oneindig baie doen om 'n verlange na die „voortreflike werk" op te wek. In die verband het die kuratorium so 'n paar jaar gelede so 'n praktiese raadgewing aan predikante en gemeentes gestuur.

Die kuratorium behoort egter meer as dit en die ondersoek van vorderingsverslae en die oorweging van leningsaansoeke te doen. Die volgende verdien oorweging in hierdie verband:

(i) Roeping tot die amp is 'n inwendige en uitwendige saak. Gewoonlik kom 'n student by die universiteit aan oortuig van sy inwendige roeping, maar sonder enigiets wat met die uitwendige roeping te maak het. Uitwendige roeping is 'n kerkwerk. Dit lyk dus of 'n

student by sy aansoek tot toelating nie net 'n matriek-sertifikaat en 'n predikantsgetuigskrif moet aanbied nie. Hy behoort voorgedra te word deur die kerkraad wat hom opgeroep het tot voorbereiding vir die amp en oor hom opsig gehou het.

(ii) Die kuratorium moet dan met hom 'n grondige gesprek voer veral met die oog op sy gemotiveerdheid vir die studie.

(iii) Waar dit werklik wenslik geag word, moet 'n kandidaat se aansoek ook afgewys kan word.
So'n kerklike keuring is m.i. 'n vaste bestanddeel van kerklike opleiding en behoort ook so te fungeer dat waar iemand wat toegelaat is ongeneëntheid tot die studie openbaar, of verkeerde gesindhede openbaar sy toelating teruggetrek kan word. (Strek dit die predikantskap tot eer as 'n persoon sonder werklik goeie rede 10 tot 12 jaar neem om sy studie af te handel?)
Keuring kan e nsal daarvoor sorg dat die amp as iets begeerliks beskerm word.

b. **Studie aan die Universiteit:**

(i) Indien die kerk aanvaar dat die predikant uitlegger van die Woord is, kan daar baie min aan die kursus soos tans aangebied verander word.

(ii) Een saak verdien in hierdie verband beslis aandag: Teologie is op stuk van sake 'n voorskrywende wetenskap, want in 'n sekere sin is die resultate van die teologie credenda. Dit sou gevolglik onetiese optrede wees as 'n predikant die resultate van die teologie waarin hy studeer het gewoon ignoreer en lekepreke hou en voortploeter. Juis om hierdie rede moet gesê word dat die teologie swaar pastoraal-etiese implikasies het. Hieraan moet by die Universiteit meer aandag gegee word omdat die pastoraal-etiese skoling die gevaarlike aandrang op sensitiwiteitsopleiding oorbodig maak deur die vorming van 'n pastorale gesindheid waarin dit aankom op gehoorsaamheid aan die Woord.

c. **Na die universiteitsopleiding:**

Die werklike praktiese vorming van 'n predikant vind eers in 'n gemeente plaas. Wat voor die tyd hieraan gedoen word is slegs rollespel en nabootsing maar nie egte prak-

tiese vorming nie. In die gemeente kom daar 'n naskoling wat vir 'n predikant se hele dienstermyn voortduur. Behalwe die kerkraad moet die Ring ook ingeskakel word in hierdie lewensbelangrike vorming van ons predikante. Ook ander indiensopleidingsgeleenthede kan natuurlik benut word.

## VI. SLOTOPMERKING:

Dit is moontlik vir mense om volgens die bybelse definisie predikant te wees mits hulle, hulle daagliks tot hulle predikantskap bekeer. Deur 'n grondige opleiding maak die kerk hierdie bekering moontlik. Daarom is besinning oor die predikantsopleiding vir die kerk nie luukse of spel nie. Dit is lewensnoodsaaklik.